NASIONALE RAAD VAN PROVINSIES

VRAELYS

LET WEL:

1. † Dui vertaalde weergawe aan.
2. ★ Dui ’n vraag vir mondelinge beantwoording aan.
3. **Ingevolge Reël 246(4) van die NRVP mag nie meer as ses vrae vir mondelinge beantwoording ten opsigte van enige enkele staatsdepartement op enige bepaalde dag aan ’n Minister gestel word nie. Vrae wat meer as die kwota is wat ontvang word, sal derhalwe nie op die Vraelys verskyn nie.**

Inhoudsopgawe

Minister van Energie 28, 29, 31, 32
Minister van Finansies 27, 29, 33
Minister van Handel en Nywerheid 28, 29, 30, 33
Minister van Kommunikasie 33
Minister van Landbou, Bosbou en Visserye 27, 29, 30, 33
Minister van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming 31
Minister van Minerale Bronne 27, 30, 31
Minister van Openbare Ondernemings 28, 32, 33
Minister van Openbare Werke 27
Minister van Vervoer 30, 32, 33

VRAE VIR MONDELINGE BEANTWOORDING

DINSDAG, 22 NOVEMBER 2011

EKONOMIE

GROEP 4

★86. Me B P Mabe (ANC-Gauteng) vra die Minister van Openbare Werke:†

(1) Of sy departement oor enige planne beskik met betrekking tot die opleiding van vakmanne in die boubedryf; so nie, waarom nie; so ja, watter planne;

(2) of sy departement ’n lys gaan voorsien van alle staatseiendom in Gauteng; so nie, waarom nie; so ja, wanneer;

(3) of sy departement die tersaaklike en vereiste opleiding aan die vakmanne van die Uitgebreide Openbare Werke-program gaan voorsien; so nie, waarom nie; so ja, wat die tersaaklike besonderhede is? CO686A

★87. Mnr J J Gunda (OD-NK) vra die Minister van Landbou, Bosbou en Visserye:†

Of haar departement oor enige strategieë beskik om die land se uitgeputte maritieme hulpbronne te herstel; so nie, waarom nie; so ja, watter strategieë? CO687A

★88. Mnr J J Gunda (OD-NK) vra die Minister van Finansies:†

Of finansiële state van alle nasionale en provinsiale departemente akkuraat en ooreenkomstig die voorgeskrewe wetgewing bevind is; so nie, wat die posisie in dié verband is; so ja, wat die tersaaklike besonderhede is? CO688A

★89. Mnr J J Gunda (OD-NK) vra die Minister van Finansies:†

Met betrekking tot die President se aankondiging in sy staatsrede op 10 Februarie 2011 aangaande die werkskeppingsinisiatief ter waarde van R9 miljard, (a) hoe die geld toegewys is om dié doel te dien, (b) hoeveel klein sakeondernemings daardeur gehelp is, (c) hoe die jeug se werkgeleenthedesubsidies daardeur geraak is, (d) hoeveel volhoubare en ordentlike werkgeleenthede geskep is, (e) hoeveel gevul is, (f) watter sektore geraak is en (g) in watter provinsies die werkskepping plaasgevind het? CO689A

★90. Mnr J J Gunda (OD-NK) vra die Minister van Minerale Bronne:†

(1) Wat die rede is vir die aanbied van die Staatsdiamanthandelaar in Gauteng pleks van Kimberley;

(2) of sy voornemens is om die mynbousektor in die Noord-Kaap te omvorm, veral wat werkskepping betref; so nie, waarom nie; so ja, wat die tersaaklike besonderhede is? CO690A

★91. Mnr G G Gamede (ANC-KZN) vra die Minister van Openbare Ondernemings:†

(1) Of hy besonderhede aangaande die planne en tydraamwerke vir die ontwikkeling van die Beachfront Railway-gebied en South Wharf in Port Shepstone gaan voorsien; so nie, waarom nie; so ja, wat die tersaaklike besonderhede is;

(2) of hy die oordrag van dié vername grond aan die plaaslike munisipaliteit gaan vergemaklik ten einde die ontwikkeling te bespoedig; so nie, waarom nie; so ja, wat die tersaaklike besonderhede is? CO691A

★92. Mnr D D Gamede (ANC-KZN) vra die Minister van Handel en Nywerheid:†

(1) Of, met betrekking tot werkverliese in die klerasie- en tekstielbedryf, veral in KwaZulu-Natal, hy georganiseerde (a) sake en (b) arbeid in dié verband betrokke gekry het; so nie, waarom nie; so ja, wat die (i) aard en (ii) resultaat van sodanige betrokkenheid is;

(2) (a) oor watter planne hy beskik om werkgeleenthede in dié sektor te skep en (b) watter advies sy departement kan gee om kleinskaalse klerevervaardigers te inspireer? CO692A

★93. Mnr D D Gamede (ANC-KZN) vra die Minister van Energie:†

(1) Of haar departement (a) self of (b) deur middel van enige staatsondernemings energiebronne internasionaal verken het; so nie, wat die posisie in dié verband is; so ja, wat (i) die aard van die regte is wat bekom is en (ii) die verdere tersaaklike besonderhede is;

(2) of die owerhede van Venezuela enige geleenthede beskikbaar gestel het; so nie, wat die posisie in dié verband is; so ja, (a) hoe dié geleenthede verwesenlik is en (b) wat die verdere tersaaklike besonderhede is? CO693A

★94. Mnr D D Gamede (ANC-KZN) vra die Minister van Handel en Nywerheid:†

(1) Of, met verwysing na die uMzinyathi-distrik (besonderhede verstrek) sy departement enige planne het om nywerhede na diep landelike gebiede te desentraliseer om die Regering se prioriteit van die ontwikkeling van landelike gebiede aan te vul; so nie, (a) waarom nie en (b) hoe die hoë werkloosheidsyfer in dié distrik uitgewis sal word; so ja, wat die tersaaklike besonderhede is;

(2) of sy departement koöperasies sal finansier om die ontwikkeling van plaaslike regering in dié distrik te bewerkstellig en die onrusbarende werkloosheidsyfer te ondersteun; so nie, wat die posisie in dié verband is; so ja, wat die tersaaklike besonderhede is? CO694A

★95. Mnr L P M Nzimande (ANC-KZN) vra die Minister van Landbou, Bosbou en Visserye:†

Of haar departement 'n strategie het met betrekking tot maritieme nywerheid; so nie, (a) waarom nie, (b) wat die uitdagings is en (c) hoe lank dit sal neem om so 'n strategie op te stel; so ja, (i) watter ekonomiese moontlikhede dié nywerheid inhou en (ii) watter persentasie dié nywerheid tot Suid-Afrika se bruto binnelandse produk bydra? CO695A

★96. Mnr L P M Nzimande (ANC-KZN) vra die Minister van Handel en Nywerheid:†

Of sy departement enige planne het om die samewerking en integrasie van sy planne met dié van die Nasionale Jeugontwikkelingsagentskap (besonderhede verstrek) te verseker; so nie, waarom nie; so ja, watter planne? CO696A

★97. Mnr L P M Nzimande (ANC-KZN) vra die Minister van Energie:†

(1) Of haar departement oor enige programme en tussenkomste om onafhanklike kragprodusente aan te moedig, beskik; so nie, waarom nie; so ja, wat die tersaaklike besonderhede is;

(2) of, in verband met die buite diens gestelde kragstasie in Newcastle, haar departement sal verseker dat dié inisiatief vir die aanmoediging van onafhanklike kragprodusente gebruik sal word; so nie, waarom nie; so ja, wat die tersaaklike besonderhede is? CO697A

★98. Mnr L P M Nzimande (ANC-KZN) vra die Minister van Landbou, Bosbou en Visserye:†

Of, gesien die stygende koste van voedsel, brandstof en munisipale dienste, enige planne bestaan om basiese voedselsekuriteitbehoeftes te subsidieer; so nie, hoe honger gemeenskappe gevoed sal word; so ja, watter planne? CO698A

★99. Mnr D B Feldman (COPE-Gauteng) vra die Minister van Finansies:†

(1) (a) Watter totale bedrag Suid-Afrika in die boekjaar 2010-11 onder die doeane- en aksynsheffingsooreenkoms aan die Suider-Afrikaanse Doeane-unie (SADU) oorbetaal het en (b) hoeveel van dié bedrag Suid-Afrika onder die inkomsteverdelingsformule, soos deur die SADU bepaal, ontvang het;

(2) of Suid-Afrika, gesien die hoeveelheid van verkeer wat van ons paaie gebruik maak, die heronderhandeling van dié ooreenkoms sal oorweeg om 'n meer regverdige deel van die inkomste wat deur die verbruik van brandstof voortgebring word, te ontvang; so nie, waarom nie; so ja, wat die tersaaklike besonderhede is? CO699A

★100. Mnr O de Beer (COPE-WK) vra die Minister van Landbou, Bosbou en Visserye:†

Of haar departement enige bevestigde berigte ontvang het betreffende die bewerings dat die dopstelsel deur boere as vergoeding vir plaaswerkers gebruik word; so nie, wat die posisie in dié verband is; so ja, hoe haar departement sal verseker dat dié praktyk totaal uitgeroei word? CO701A

★101. Mnr O de Beer (COPE-WK) vra die Minister van Landbou, Bosbou en Visserye:†

Of haar departement oor enige planne beskik om die 65% oormatige uitbuiting van die land se visvoorraad aan te pak (a) om die volhoubare gebruik daarvan te verseker en (b) om te verseker dat die leidende rol wat dié bedryf in werkskepping speel, in die toekoms nie as gevolg van 'n afname in die beskikbaarheid van vis in gevaar gestel word nie; so nie, waarom nie; so ja, (i) watter planne en (ii) wat die verdere tersaaklike besonderhede is? CO702A

★102. Mnr K A Sinclair (COPE-NK) vra die Minister van Handel en Nywerheid:†

Of sy departement sy aansoek teen die samesmelting van Walmart en Massmart by die mededingingsowerhede sal onttrek in die lig van die verklaring ter ondersteuning wat deur die Adjunkpresident op 2 November 2011 in die Nasionale Vergadering gedoen is; so nie, waarom nie; so ja, wat die tersaaklike besonderhede is? CO703A

★103. Mnr K A Sinclair (COPE-NK) vra die Minister van Handel en Nywerheid:†

Of sy departement (a) 'n invoervervangingsbeleid in werking sal stel en (b) beskerming betreffende invoer aan nywerhede sal bied wat werkbesetting en voedselsekuriteit bevorder, met inagneming van die belangrike rol wat hulle speel; so nie, waarom nie; so ja, wat die tersaaklike besonderhede is? CO704A

★104. Mnr H B Groenewald (DA-NW) vra die Minister van Vervoer:†

(1) Of sy departement enige stappe gedoen het om aandag te skenk aan die tekort aan bitumen aangesien dit 'n kritieke toestand vir Suid-Afrikaanse padbouers is; so nie, waarom nie; so ja, (a) watter stappe en (b) wat die verdere tersaaklike besonderhede is;

(2) (a) wat die huidige probleme met betrekking tot die padbouers se projekte is wat sy departement die hoof moet bied en (b) watter stappe gedoen sal word om aan dié probleme aandag te skenk;

(3) of enige maatreëls bestaan om te verseker dat bitumen nie na ander lande uitgevoer word nie, gesien die groot plaaslike aanvraag na bitumen; so nie, waarom nie; so ja, watter maatreëls? CO705A

★105. Mnr R A Lees (DA-KZN) vra die Minister van Minerale Bronne:†

(1) Of die volle kapasiteit van die uitvoer van steenkool deur die beperkte spoornetwerk belemmer word; so nie, hoe tot dié gevolgtrekking gekom is; so ja, wat die omvang van die verlies aan steenkool tydens uitvoer is;

(2) of haar departement betrokke is by samesprekings om die kapasiteit van die spoornetwerk te verhoog; so nie, waarom nie; so ja, (a) wat die besonderhede van dié samesprekings is, (b) met wie (i) was of (ii) word dit gehou en (c) wanneer die spoorvervoerkapasiteit verhoog sal word;

(3) of haar departement die spoorvervoerkapasiteit na Richardsbaai sal verhoog; so nie, waarom nie; so ja, wat die tersaaklike besonderhede is? CO706A

★106. Mnr R A Lees (DA-KZN) vra die Minister van Minerale Bronne:†

(1) Of die steenkool-uitvoerterminaal by Richardsbaai ten volle benut word; so nie, (a) waarom nie en (b) wat die redes vir die onderbenutting is; so ja, in watter mate;

(2) of haar departement enige maatreëls geïdentifiseer het om die uitvoerkapasiteit van steenkool te verhoog; so nie, wat die posisie in dié verband is; so ja, wat die tersaaklike besonderhede is;

(3) of die uitvoerkapasiteit van steenkool van die terminaal wat aan uitvoerders toegeken is swart ekonomiese bemagtigingsparameters ten grondslag het; so nie, waarom nie; so ja, wat die tersaaklike besonderhede is;

(4) of enige maatreëls bestaan om die onbenutte kapasiteit wat toegeken is aan uitvoerders oor te dra wat groter uitvoer-volume benodig; so nie, waarom nie; so ja, wat die tersaaklike besonderhede is? CO707A

★107. Mnr R A Lees (DA-KZN) vra die Minister van Energie:†

Met betrekking tot kontrakte wat vir die voorsiening van skoonmaak-, veiligheids- en spysenieringsdienste aan die Eskom Ngula-projek toegeken is, (a) watter prosesse gevolg is betreffende die toekenning van tenderkontrakte en (b)(i) wat die name van die maatskappye is aan wie tenders toegeken is, (ii) wat die name van die persone is wie in hul direksie dien en (iii) wat die waarde van elke kontrak is? CO708A

★108. Mnr R A Lees (DA-KZN) vra die Minister van Maatskaplike Ontwikkeling:†

(Interdepartementele oorplasing - 22/11)

★109. Mnr D A Worth (DA-VS) vra die Minister van Handel en Nywerheid:†

(Interdepartementele oorplasing - 22/11) **[Reël 246(4)]**

★110. Mnr D A Worth (DA-VS) vra die Minister van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming:†

(1) Of hulle oor enige maatreëls beskik om toe te sien dat ooreenkomstig die Herkapitaliseringsprogram vir Voornemende Boere nie-produktiewe boere met persone vervang sal word wat aktief boer; so nie, wat die posisie in die verband is; so ja, watter maatreëls;

(2) watter (a) bepalings en voorwaardes ingestel gaan word om toe te sien dat verdere herkapitalisering (i) produktiwiteit sal verhoog en (ii) suksesvolle boerderybedrywighede gaan verseker en (b) bystand aan boere verleen gaan word ten einde (i) voedselsekerheid en (ii) werkskepping te verhoog;

(3) of sy departement voornemende boere gaan bystaan om hul produkte te (a) bemark en (b) verkoop; so nie, waarom nie; so ja, wat die tersaaklike besonderhede is? CO711A

★111. Mev E C van Lingen (DA-OK) vra die Minister van Vervoer:†

(1) Of die Oos-Kaapse Departement van Vervoer vir die skoliervervoer verantwoordelik is; so nie, wat die posisie in dié verband is; so ja wat die tersaaklike besonderhede is;

(2) of die begroting vir die boekjaar 2011-12 op R206 miljoen neerkom; so nie, wat die posisie in dié verband is; so ja, wat die tersaaklike besonderhede is;

(3) of die vereiste tenderprosesse in die toekenning van die tender aan ’n sekere persoon (besonderhede verstrek) gevolg is; so nie, wat die posisie in dié verband is; so ja, wat die tersaaklike besonderhede is;

(4) of prosedures van dié tender aan die Nasionale Skoliervervoerbeleid voldoen om klein-, medium- en makro-ondernemings en breedgebaseerde swart ekonomiese bemagtiging in die aanstel van skoliervervoeroperateurs te bevorder; so nie, waarom nie; so ja, wat die tersaaklike besonderhede is? CO712A

★112. Mev E C van Lingen (DA-OK) vra die Minister van Energie:†

(1) Of sy oorleg gepleeg het met alle (a) regeringsdepartemente, (b)(i) plaaslike en (ii) distriksmunisipaliteite en (c) provinsiale wetgewers om ligemissiediode-gloeilampe (LED) te installeer ten einde elektrisiteitsverbruik te bespaar; so nie, waarom die Regering nie die voorbeeld stel nie; so ja, (aa) watter samewerking belowe is en (bb) deur watter instellings;

(2) of enige doelwit in dié verband bereik is; so nie, waarom nie; so ja, wat die tersaaklike besonderhede is? CO713A

★113. Mev E C van Lingen (DA-OK) vra die Minister van Energie:†

(1) Of sy besonderhede oor die huidige stand van die konsepwetsontwerp oor die onafhanklike stelsel- en markoperateur (ISMO) sal verskaf; so nie, waarom nie; so ja, wat die tersaaklike besonderhede is;

(2) of die ISMO ‘n onafhanklike operateur binne Eskom sal wees; so nie, waarom nie; so ja, wat die tersaaklike besonderhede is;

(3) of die onafhanklikheid van die operateur gewaarborg kan word; so nie, waarom nie; so ja, hoe die onafhanklikheid verseker kan word? CO714A

★114. Mnr H B Groenewald (DA-NW) vra die Minister van Openbare Ondernemings:†

(1) Wat die besonderhede betreffende die vakatures by Alexkor is vir poste van die (a) hoof uitvoerende beampte, (b) mynbestuurder en (c) hoof finansiële beampte (besonderhede verstrek);

(2) of dié poste geadverteer sal word; so nie, waarom nie; so ja, (a) wanneer en (b) wanneer hulle gevul sal word? CO715A

★115. Mnr H B Groenewald (DA-NW) vra die Minister van Openbare Ondernemings:†

(a) Watter minerale by Alexkor nie aan die Suid-Afrikaanse Kode vir die Rapportering oor Minerale Hulpbronne en Minerale Reserwes (SAMREC) voldoen nie, (b) wanneer Alexkor die kode sal nakom en (c) wat die besonderhede betreffende die koste-implikasies as gevolg van nie-nakoming is? CO716A

★116. Mev E C van Lingen (DA-OK) vra die Minister van Vervoer:†

Of die oliepyplyn by die King Shaka-lughawe wat gelek het voor die inwyding van die lughawe net voor die Fifa-sokkerwêreldbekertoernooi in 2010, herstel is; so nie, waarom nie; so ja, (a) wanneer die werk voltooi is, (b) teen watter koste en (c) wat die lekkasie veroorsaak het? CO717A

★117. Mnr D A Worth (DA-VS) vra die Minister van Kommunikasie:†

Of haar departement bystand aan opkomende gemeenskapradiostasies verleen; so nie, waarom nie; so ja, (a) watter stasies en (b) wat die tersaaklike besonderhede is met betrekking tot die bystand wat verleen word? CO718A

★118. Mnr D A Worth (DA-VS) vra die Minister van Landbou, Bosbou en Visserye:†

Of, met betrekking tot die Ministerskonferensie oor Klimaatsvriendelike Landbou in Afrika wat deur haar (besonderhede verstrek) gereël is, enige tenders deur haar departement in dié verband toegeken is; so ja, ten opsigte van elke tender wat toegeken is, (a) watter dienste gelewer is en (b) wat die besonderhede is van die tenderprosesse wat gevolg is om elke maatskappy aan te stel? CO719A

★119. Prins M M M Zulu (IVP-KZN) vra die Minister van Finansies:†

(1) Of hy enige maatreëls in werking gestel het om die Suid-Afrikaanse ekonomie te beskerm teen (a) die huidige pryse in die Eurogebied en (b) ‘n moontlike ineenstorting van die euro; so nie, waarom nie; so ja, watter maatreëls;

(2) of hy ‘n verklaring oor die aangeleentheid sal doen? CO720A

★120. Prins M M M Zulu (IVP-KZN) vra die Minister van van Handel en Nywerheid:†

Of sy departement oor enige maatreëls beskik om die Suid-Afrikaanse uitvoermark teen ‘n ineenstorting van die euro te beskerm; so nie, waarom nie; so ja, (a) watter maatreëls en (b) wat die verdere tersaaklike besonderhede is? CO721A